Ligdraer

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

10 Februarie 2019

Oggenddiens 9H30
Aanddiens 18H00

Hartlik welkom aan elkeen vanoggend by ons ontmoeting met die Here

Ons, as bruidskerk van Christus, verkondig Christus deur die diepgaande kennis van die Skrif en die Belydenisgeskrifte

Ons nooi almal vriendelik uit om na afloop van die erediens saam met

ons 'n koppie tee/ koffie in die saal te geniet. Kom kuier lekker saam en leer mekaar ken.

Kleuterbediening tydens oggenddiens:
Al ons maatjies (3 – 7 jaar)

Aan almal wat gedurende Februarie verjaar. Baie geluk.

Maandae: 19H00
Dinsdae 9H00: **Aan huis van Lucia Erasmus**
Woensdae: 8H30
Donderdae: 9H00

Jong volwassenes: Evert & Cherése Kleynhans

Kontakbesonderhede van Ontdekkersgemeente:

011 672 3810

info@ontdekkers.org.za

www.ontdekkers.org.za

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

Almal is teen hierdie tyd al bekend met die naam, Asia Bibi, 'n Christen vrou in Pakistan, wat ter dood veroordeel is. Sy was die afgelope 8 jaar in die tronk en bietjie meer as 2 maande gelede is sy vrygespreek, maar nog nie toegelaat om die land te verlaat nie. Asia is valslik daarvan beskuldig dat sy die profeet Mohamed sleg gesê het, die saak is na die Hooggereshof geneem waar sy finaal vrygespreek is. Dit het 8 jaar geneem om Asia se onskuld te bewys, daar is baie vir haar gebid en ons is dankbaar dat die Here die waarheid laat seëvier het. Baie optogte is teen haar vrylating gehou en vlae is verbrand. Volgens die wet in Pakistan kan jy die doodstraf opgelê word as jy iets slegs van Mohamed sê. Selfs as jy net 'n vete teen iemand het, kan hy gaan sê dat jy iets slegs teenoor Mohamed gesê het. Ons kan saam met haar en haar familie die Here loof en prys dat sy 'n nuwe lewe kan begin. Die tyd het aangebreek dat ons as Christene ons stem in die wêreld laat hoor en opstaan vir dit waarin ons glo.

Dink asseblief in julle gebede aan:

- **Jeane Botha** wat baie siek is.
- **Willie Badenhorst** wat baie met sy gesondheid sukkel.
- **Marina Kruger** wie se ouers in 'n ongeluk was.

- Baie geluk aan **Tjaart du Preez** wat 'n kleinseun ryker geword het.
- Die Vrolike Afgetredenes skop die jaar met 'n Bybelvasvrae, Woensdag, 13 Februarie 2019, om 10H00 in die kerksaal af. Almal is baie welkom.
- Sondag, 24 Februarie 2019, hou die dames na die oggenddiens 'n PANNEKOEK FEES. Lek solank jou lippe, want ons dames KAN pannekoek bak!
- Skud jou vere reg, want ons gaan weer, soos in die verlede, by **Kokoriba Wildreservaat (net buite Brits) kamp!** ***Wanneer:*** 1 – 3 Maart 2019. ***Koste:*** Die lys met verskillende akkommodasie is teen die kennisgewing bord in die saal beskikbaar. Die bydrae tot die etes is R 100 /persoon vir die naweek.

Tema: Ons jeug, ons toekoms, ons leiers van môre. Bespreek jou plek so gou as moontlik. Skakel Aike Niehof indien daar enige onduidelikheid is: 082 922 9562.

- Die **Sustersaamtrek** word op 9 Maart 2019 by die GK Bergbron gehou. Indien jy belangstel om die saamtrek by te woon, skryf asseblief jou naam op die lys in die kerksaal. R 120 /persoon, voor 17 Februarie 2019 kan by die kerkkantoor inbetaal word. Besonderhede van die saamtrek is op die kennisgewingbord in die saal. MAAK ASSEBLIEF SEKER DAT JOU NAAM OP DIE LYS IS, AL HET JY REEDS GELD INBETAAL OF SELF DIE GELD AAN BERGBRON OORBETAAL!!!

- **Onthou** om die kerk se selfoonnommer: 060 342 3316 op jou eie selfoon as ’n kontak te “save”. Jy gaan geen WhatsApp ontvang indien jy dit nie doen nie. Stuur ’n SMS of ’n WhatsApp met jou naam na die selfoonnommer van die kerk en dui asseblief aan of jy ’n sms of WhatsApp wil ontvang.

- JC Cloete van die Dutch Deli verkoop gevriesde Chicken Gordon Bleu (± 200g @ R 25 elk: 4 – 6 /verpakking); Hoender-Schnitzel’s (± 80 – 100g @ R 20 elk: 6 – 12 /verpakking); Hoender pasteie (± 150g @ R 25 elk: 6 – 12 /verpakking); Bees & Hoender Lasagne (Lasagne /groote & /gewig: 350g R 30, 500g R 40 & 750g R 60). JC maak daaglikse maaltye en lewer ook etes af. Skakel hom gerus indien jy belangstel: 072 087 0932.

- Tuin woonstel, ± 100m^2, te huur. 1 Slaapkamer, leefarea, privaat ingang, parkering en privaat tuin. Voorafbetaalde elektrisiteit, geen diere. Oorkant Kilburn Pick & Pay Discovery. R 4 200 /maand (water & DSTV ingesluit). Kontak-persoon: Bitty de Weerdt – 084 455 7923.
- Lourinda Foord bak 3D, verjaarsdae, drip, fondant & trou koeke. Sy bak cupcakes en vele meer. Skakel haar gerus: LoliRock Cakes: 082 923 3240.
- Petra van der Merwe verkoop vars heuning wat hulle self oes vir R70. Skakel haar indien jy belangstel: 072 844 7795.

Voor Jesus se Hemelvaart was sy opdrag: “Gaan uit na alle nasies en maak mense my dissipels!” Kom ons wees gehoorsaam aan ons Koning!

Gegroet tot volgende week! ☺

OGGENDDIENS

TEMA: Hoekom Jesus!

Stemmingsliedere

1 Kronieke 29: 1 - 3
Lied 168: 1 & 3

Ontmoetingsdiens

Votum / Seëngroet
Lofsang: Ps. 89-2: 2 & 4
Geloofsbelydenis: Apostolicum

Versoeningsdiens

Wet: Eksodus 20
Heidelbergse Kategismus: Sondag 2 & Romeine 7:24 - 25
Lied: 510: 1 - 4

Woorddiens

Gebed
Sb. 15-1: 1 & 2
Skriflesing: Markus 1:16 – 20
&
Hebreërs 12: 1 - 3
Fokusvers: Markus 1: 17

Antwoorddiens

Gebed
Lied: 220:1 & 2
Groetseën
AMEN

AANDDIENS

TEMA: God skenk ons die lewe om beskermers van die lewe te wees.

Stemmingsliedere

Lied 231: 1 & 2
Ps. 33: 7 & 11
Sb. 14-2: 1 & 2
Lied 433: 1 - 4

Ontmoetingsdiens

Votum & Seëngroet
Lied 477:1 - 3

Woorddiens

Gebed
Skriflesing: Genesis 1: 26 - 31
& Ps. 139: 13 - 16
Fokusvers: Genesis 1:26

Antwoorddiens

Gebed
Ps. 139: 6 - 8
Groetseën
AMEN
Aandgebed: Lied 565:1 - 3